

Strategie- openbaarmakingstendense: 6 bedrywe, 1 jaar

Publikasie: USB Agenda

Datum: Oktober 2014

'n Studie wat by die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool onderneem is, het data van vorige studies gebruik om strategie-openbaarmakingstendense oor ses bedrywe te ontleed om te sien hoe dit vanaf 2010 tot 2011 verander het.

Waarom hierdie studie?

Ryan Coldman (2013) het vir 2010 strategie-openbaarmakingstendense ontleed oor vyf verskillende bedrywe: bankwese, konstruksie en materiaal, metaal en mynwese, kleinhandel, en energie en natuurlike prosesse. Verskeie ander studies het strategie-openbaarmakingstendense tussen 2010 en 2011 vir uitgesoekte bedrywe vergelyk. Al die studies het data van jaarverslae, geïntegreerde jaarverslae en geïntegreerde volhoubaarheidsverslae gebruik om waarde toe te ken aan verskillende aspekte van strategie-openbaarmaking vir maatskappye in verskillende bedrywe. As 'n hoofdoel het hierdie studie data van vorige studies versamel en dit gebruik om strategie-openbaarmakingstendense oor ses bedrywe (die versekeringsbedryf plus Coldman se oorspronklike vyf bedrywe) te ontleed om te sien hoe dit vanaf 2010 tot 2011 verander het. Die sekondêre doelwitte was om vas te stel watter strategiegebiede behoorlike verslaggewing ontvang en watter gebiede verbetering benodig, asook om ondersoek in te stel oor die bruikbaarheid van die verskillende hulpbronne van strategie-openbaarmaking.

Navorsingsmetodologie

Hierdie studie is 'n voortsetting van Coldman se studie wat handel oor 24 JSE-genoteerde organisasies oor vyf bedrywe. Die gevolgtrekking was dat die energiesektor strategiese inligting op 'n hoër vlak as ander sektore bekend maak het, met Sasol wat die beste in daardie sektor gevaar het. Coldman se studie was 'n status op 'n spesifieke tydstop. Die USB se prof Marius Ungerer het daarop gelet dat dit nodig is om Coldman se studie te herhaal deur die verslaggewingsdata van 2011 vir dieselfde maatskappye te gebruik om te sien hoe stabiel hierdie drie basislyne is. Prof Ungerer was veral geïnteresseerd in die vordering van lae strategie-openbaarmaking binne elke basislyn, en of die presteerders aangehou het om te presteer op die 2010-vlak.

Wat het die navorsing bevind?

Die studie het bevind dat openbaarmaking vanaf 2010 tot 2011 met agt persentasiepunte verbeter het teenoor basislyne 2 en 3, en nege persentasiepunte teenoor basislyn 1. Verslaggewing op die organisatoriese proefiel (basislyn 1), deelnemende strategie (basislyn 2) en finansiële inligting (basislyn 3) was in 2011 besonder goed met gemiddeldes van 80% of meer oor alle maatskappye. Vrae oor primêre handelsmerke, produkte en dienste, skuld en die persentasie eie kapitaal, totale bates, direkte ekonomiese toegevoegde waarde en die verspreiding van produkte/dienste is in 2011 goed beantwoord. Verslaggewing oor kompeterende strategie, strategiese uitvoering en strategiese skandering en verkenning (alles basislyn 2) het nie so goed in 2011 gevaar nie, met gemiddeldes van 60% of minder oor alle maatskappye heen. Vrae oor die graad van uitkontraktering, hulp van die regering, loonverhoudings, strategiese kontrolepunte, scenarios en vooruitlesingsontwikkeling, portefeuljies van eksperimente, en strategieë en doelwitte vir die medium- en langtermyn het baie lae tellings in 2011 gekry, met 'n gemiddelde telling van minder as 50%. Tellings teen basislyn 2 was oor die algemeen laer as teenoor ander basislyne.

Verskillende basislyne is op verskillende maniere voordelig vir diverse bedrywe. Basislyn 3 is 'n ondergroep van basislyn 2 en kan dus uitgeskakel word. Alhoewel daar beduidende duplisering tussen basislyne 1 en 2 is, is nie een van die twee 'n ondergroep van die ander nie.

Slotsom

Al die geïntegreerde verslae wat in hierdie studie gebruik is, is van Suid-Afrikaanse JSE-genoteerde maatskappye en daarom is dit saamgestel om aan King III en die GRI G3 se riglyne te voldoen. Daar was 'n duidelike verbetering in die gehalte van verslaggewing vanaf 2010 tot 2011 teenoor al drie die basislyne. Dit dui aan dat maatskappye hul ondervinding van die eerste stel verslae gebruik het om beter verslae in 2011 te lewer. 'n Toekomstige studie kan die volhoubaarheid en strategiese elemente in die King III-aanbevelings identifiseer en dit deeglik teen mekaar opweeg en die uitslae vergelyk met die uitslae van basislyn 2. Wanneer die basislyne gerasionaliseer word, moet daar versigtig gekyk word na wat die bedoeling is, en nie bloot teen enige beskikbare hulpbron gemeet word nie. As die item wat ondersoek word strategie-openbaarmaking is, dan is dit die beste om 'n hulpbron te gebruik wat strategie-openbaarmaking meet, ongeag die wetgewing, riglyne en aanbevelings waardeur die verslae gelei is. Basislyn 2 verskaf presies dit: 'n hulpbron om strategie-openbaarmaking te meet.

Hierdie artikel is deel van die aanlyn Leaders' Lab-navorsingsartikels wat nuwe bestuurs- en leierskapkennis toeganklik maak deur opsommings van PhD-tesisse, MBA- en MPhil-navorsingswerkstukke, akademiese artikels, en ander USB-navorsing te verskaf.

Die navorsing is onderneem deur:

Hierdie artikel is 'n opsomming van 'n studie wat deur Carine Reyneke as 'n MBA-navorsingswerkstuk by die USB onderneem is. Haar studie-leier was prof Marius Ungerer, medeprofessor in Bestuurskonsultasie en Strategiese Bestuur by die USB. Die navorsingwerkstuk getiteld *Strategy disclosure trends in South Africa: A 2010-2011 Comparative Analysis* is beskikbaar by <http://scholar.sun.ac.za>.